higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2

(11010102)

24 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Tekeninstrumente mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

188Q1E2224

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verduidelik kortliks wat sal gebeur met ’n area wat sleg geplavei is. (3)

1.2 Teëlwerk maak deel uit van die afwerkings in konstruksieprojekte.

1.2.1 Noem enige TWEE materiale wat nodig sal wees om teëlwerk te doen. (2)

1.2.2 Noem enige VIER werktuie wat gebruik sal word om teëlwerk te doen. (4)

1.3 Verduidelik die term *holmuurkonstruksie*. (2)

1.4 Noem die riglyne vir die versorging van terrazzo nadat dit gelê is. (5)

1.5 Noem VIER eksterne faktore wat veroorsaak dat ’n skoorsteen rook. (4)

1.6 Verduidelik die term *kortelingsteierwerk*. (2)

[22]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Die buitewelwing is die boonste rand van ’n boog wat van voor af beskou word.

2.1.2 Die spanwydte is die onderkantse rand van ’n boog.

2.1.3 ’n Ring is ’n ry bakstene in die boog.

2.1.4 Boogstene is rye bakstene in die boog.

2.1.5 Die binnewelwing is die onderkant van ’n boog wanneer dit uit ’n vertikale aansig beskou word.

2.1.6 V-voeë is die voeë in ’n plat boog.

(6 × 1) (6)

2.2 Noem SES voorsorgmaatreëls wanneer vuurvaste stene gesny word. (6)

2.3 Noem die vereistes vir ’n profielvorm. (5)

2.4 Gee VIER voordele van ’n hol muur in vergelyking met ’n soliede muur. (4)

[21]

VRAAG 3

3.1 Teken, op 'n skaal van ongeveer 1:10, óf die eerste laag óf die tweede laag van 'n plan van afwisselende lae ('alternate plan course') van 'n hoek in 'n 270 mm-holmuurkonstruksie in strykverband. (8)

3.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.2.1 Die eerste punt om te oorweeg wanneer 'n trapleer gebruik moet word, is om …

A iemand te kry om jou te help.
B veilig te klim.
C die regte leer te kies.
D die ligste leer te kies.

3.2.2 Skuiflere …

A kan tot die vereiste hoogte verleng word.
B is draagbare lere.
C bestaan uit twee afdelings wat skuiwing moontlik maak.
D Al bogenoemde.

3.2.3 Die maksimum hoogte van 'n skoorsteen moenie meer as … sy kleinste horisontale afstand wees nie.

A vier en 'n half keer
B ses en 'n half keer
C agt en 'n half keer
D twee en 'n half keer

3.2.4 'n Soort boog wat met ongesnyde stene en wigvormige messelvoeë gevorm word, word 'n … genoem.

A gekapte boog
B pasboog
C plat boog
D ruboog

3.2.5 'n Soort skoring wat bestaan uit 'n horisontale skoor wat tussen die twee mure geplaas word, en word gebruik vir afstande van tot 9 m tussen mure:

A Enkellugskoor
B Leunskoor
C Skuins skoor
D Vertikale skoor

3.2.6 ’n Klassieke kolom bestaan uit … dele.

A een
B twee
C drie
D vier

(6 × 1) (6)
[14]

VRAAG 4

4.1 Noem enige VYF metodes in skoring wat geïmplementeer kan word om die probleme van geboue wat ineenstort, te verminder. (5)

4.2 Verduidelik die korrekte klimprosedure wanneer jy by ’n leer op- of afklim. (5)

4.3 Verduidelik die volgende terme:

4.3.1 Pilaster

4.3.2 Kolom

4.3.3 Entasis

(3 × 2) (6)

4.4 Noem VYF verskillende soorte binneplaatgaaswerk. (5)
[21]

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE algemene soorte materiale wat as plaveistene gebruik word. (2)

5.2 Noem VYF eienskappe van plastiekdakplate. (5)

5.3 Noem SES doeleindes van steenverband. (6)
[13]

VRAAG 6

6.1 Noem NEGE stappe wat belangrik is in die bepaling van die tydraamwerk om ’n staafgrafiek te skep. (9)
[9]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou